

Gereformeerde Kerk Trinitas  
Oggenddiens  
2018-03-04

Ps. 46:1-12  
Fokusvers: Vers 2

## **God is die bron van standvastigheid vir elkeen wat op Hom vertrou**

### **Inleiding:**

- Almal het al een of ander vorm van angs of benoudheid ervaar.
  - Dit is ongelukkig deel van ons menswees.
    - Die rede en graad van die angs verskil dalk, maar steeds het ons almal angstigheid.
  - Gaan ek daardie wiskunde toets deurkom?
  - Het ek nog werksekerheid of gaan ek dalk aan die einde van die maand laat gaan word?
  - Hoe gaan ek al my rekeninge betaal?
  - Hoe weet ek my voornemende huweliksmaat is die regte een?
- Vir ons is van hierdie vrae dalk sinneloos en is dit maar iets wat sal verbygaan, ander is weer baie naby aan die huis en laat ons byna wakkerlê in die aand.
- In psalm 46 word ons egter die sekerheid gegee dat ons met ons vrese en angs na die Here toe kan gaan.
  - Hy is die bron van alle standvastigheid.
  - Hy is die Een wat die antwoorde gee wanneer dit lyk of daar nie 'n uitkoms is nie.
- Daarom leer ons vanoggend dat God die bron is van standvastigheid vir elkeen wat op Hom vertrou.
  - God is die bron van standvastigheid
  - Vlug na God toe
  - Hy sal ons bewaar.

### **God is die bron van standvastigheid**

- Ons is almal goed bekend met die boek psalms.
  - Die is die langste boek in die Bybel.
  - Baie van ons leer van kleins af ook om die psalms te sing.

- Die psalms word dikwels beskryf as ‘n skatkis wat nooit ophou gee nie.
  - Die boek psalms kan verder opgedeel word in 5 kleiner boeke soos in die Hebreuse bybel.
  - Hiervan maak psalm 46 deel uit van die tweede boek.
- Daar is ook verskillende temas in die psalms.
  - Daar is net een God
  - God is ons uitkoms
  - Skuldbelydenis
  - Lofliedere
  - En selfs gebede.
    - In psalms 46 sien ons dat ‘n paar van hierdie temas ook in die psalm aangeraak word.
- Die psalm begin met inligting oor die lied.
  - Vir die koorleier
    - Hierdie lied moet gesing word.
  - So ook word die skrywers bekend gemaak.
    - Die Koragiete
      - Hulle was in beheer van die musiek in die tempeldiens en daar het hulle ook die volk bygestaan in die aanbidding.
  - Op die wysie van “Jong vroue”
    - Oor hierdie stelling is daar effense onduidelikheid.
      - Baie kommentare sê wel dat hierdie lied vir die hoër sopraan geskryf is.
  - Die inligting eindig dan met die woorde – ‘n Lied
    - En so word weereens bevestig dat hierdie lied gesing moet word.
- Alles wat hierop volg is die inhoud van hierdie lied.
  - Hierdie inhoud moet gesing word.
  - Hierdie psalm word geskryf met die doel dat daargesing moet word.
    - Daar word nie gesê dat net die mans, of net die vroue, of net die priesters mag hierdie lied sing nie.
      - Niemand word uitgesluit nie.
        - Almal moet saam sing dat God ‘n toevlug en ‘n beskerming is.
- Met hierdie agtergrond verstaan ons dan ook die temperament van hierdie psalm.

- Hoewel dit alles waar is wat gesê word in hierdie psalm, is dit nie maar net koue feite nie.
  - Soos wat musiek bepaald emosies by ons aanwakker, wek hierdie lied dan ook emosies by ons op.
    - Daarom word God ook so duidelik beskryf om ons harte aan te spreek.
- God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming.
  - Hierdie beskrywing van God lyk of die twee terme presies dieselfde is.
    - Daar is egter 'n fyn verskil.
  - God is vir ons 'n toevlug, want ons kan na Hom toe vlug wanneer gevaar dreig.
    - Soos wat 'n kindjie terug hardloop na sy pa toe as hy dalk bang word, so kan ons elke keer wanneer ons vreesbevange en angstig raak, terug hardloop na God toe.
    - 'n Toevlug is egter nie net iemand na wie toe ek terughardloop nie.
      - 'n Toevlug is 'n teken van sekerheid, 'n baken van hoop, 'n herinnering van sekerheid dat ondanks die vrese wat bedreig, God ons anker en sekerheid is.
  - God is ook vir ons 'n beskerming.
    - Ons kan nie altyd terug hardloop wanneer gevaar dreig nie.
      - Soms moet ons die gevare wat ons bedreig in die gesig staar en werklik daarmee gekonfronteer word.
        - Ons kan nie maar net soos volstruise ons koppe in die sand druk en hoop dat ons probleme wonderbaarlik net verdwyn nie.
          - Dit is juis dan wanneer ons weer herinner word dat od nog altyd bereid was om te help in nood.
            - Hy is die een wat uitkoms gee.
  - Daarom word daar in hierdie eerste gedeelte van die psalm so 'n radikale beskrywing van God gegee.
    - Soos wat 'n berg vasstaan en nie net wegwaai of omval nie, so sien ons dat God onveranderlik vas is en daarom vir ons 'n bewys en 'n teken van sekerheid is.

- Hierdie sekerheid dien as ons herinnering dat God ons bron is van alle standvastigheid en daarom kan en moet ons na Hom toe vlug wanneer gevare dreig.

### Vlug na God toe

- Dit baat ons nie dat ons erken en bely en in lofliedere uitbreek dat God ons toevlug is, maar ons vlug na ander plekke vir veiligheid en uitkoms nie.
  - God is ons toevlug, nie geld nie.
  - God is vir ons beskerming, nie leë verhoudings nie.
  - God gee vir ons sekerheid, nie status en besittings nie.
- Daarom moet ons in hierdie belydenis ook in ons daade wys dat ons na God vlug.
  - God is 'n toevlug vir die wat op Hom vertrou.
    - Vertrou dan op die Here.
- Die realiteit is dat daar tye gaan kom wanneer ons angstig raak omdat ons omstandighede donker begin lyk.
  - Ons begin dalk ongemaklik voel omdat daar sprake is van grondonteiening en hoër belastingkoerse wat onsekerheid in ons aanwakker.
    - Maar psalm 46 sê dat dit nie nuwe nuus is nie.
    - Daar gaan gevare dreig.
      - Daar gaan onsekerhede wees.
        - Die psalmdigters gaan sover as om te sê:
          - *Al gee die aarde pad*
          - *Al skuif die berge tot in die dieptes van die see*
          - *Al skud die berge deur sy onstuimigheid*
- Gemeente selfs al gebeur al hierdie dinge, hoef ons nie vreesbevange toe te kyk nie, want ons ken en moet na die Here toe vlug.
  - Die beskrywing van verse 3 en 4 oor die massas water wat die berge oorweldig vat ons terug na Genesis 6-9 en die verhaal van Noag en die Ark.
    - In ander gelowe in die nabye ooste word daar ook vertel van die groot vloed.
    - Hulle gode het egter agter die mure wat hulle gebou het geskuil het omdat hulle bang was dat die water hulle sal oorweldig.

- Geliefdes God is nie bang nie, want Hy is die een wat daardie waters gemaak het.
  - Hy is die een wat die berge op hulle plekke gesit het.
    - Hy is die een wat die vloed gestuur het en ook halt geroep het toe die reën moes stop.
    - Daarom vlug ons na die Here toe, want Hy is die een wat volkome in beheer is.
- Dit word vir ons verseker omdat God die belofte aan ons maak dat Hy ons sal bewaar.

### **God sal ons bewaar**

- Hier word die belofte aan ons gegee
  - Net soos wat God 'n baken van hoop en sekerheid is, net so is sy beloftes ook.
    - Sy woord verander nie.
    - Daarom kan ons seker wees dat God ons sal bewaar.
      - Tog kry ons angstigheid en vrese en eie planne dikwels die oorhand, daarom word ons ook in di epsalm herinner hoekom God ons sal en kan bewaar.
- Die psalmdigter gee in vers 9 die oproep:
  - Kom kyk!
    - Kyk wat die Here alles al gedoen het.
  - Dan sien ons dat die Here dinge tot stand bring.
    - Hy is die een wat bou en oprig.
      - Hy is groot en almagtig en het alles geskep.
  - Dan sien ons die beskrywing hoe God die einde aan oorloë maak.
    - Die benaming van God wat hier gebruik word, is die Here van die leërskaar.
      - Dit beteken dat God is in beheer van die geestelike weermagte van die engele en selfs die weermagte hier op aarde.
        - Hy is volkome in beheer en daarom het Hy die mag en die gesag om selfs aan oorloë 'n einde te kan roep.
- Daarom kom die uitroep dan in vers 11 – Bedaar.
  - Hierdie oproep is nie 'n rustige en kalmeerende trooswoordjie nie.

- Dit is 'n militêre bevel.
  - Bly stil!
  - God praat nou.
    - *Erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde.*
    - God beklemtoon hier sy almag.
- Wanneer God beveel en sê *Erken dat Ek God is*, spreek Hy homself as die God van die verbond.
  - So bevestig God ook weereens dat Hy getrou bly aan sy beloftes, dat Hy uitkoms gee.
- Die psalm eindig met die herinnering.
  - *Die God van Jakob is vir ons 'n beskutting.*
  - Weereens word God se verbondsnaam gebruik.
    - Maar nie die God van Abraham, die vader van die verbond nie, maar Jakob – die bedriëer.
    - En so word dit vir ons bevestig dat ons God in ons verlorenheid nodig het.
  - Die Heilige Gees wek in ons die besef op dat ek God nodig het.
    - In myself is ek tot niks goeds instaat nie.
    - As ek op my eie kragte staat maak, gaan ek misluk.
- Selfs in my eie sondeverlorenheid is daar niks wat ek kan doen om my redding te bewerk nie.
  - Daarom soek ons steeds ons toevlug.
    - Nie in onself nie, maar ons soek ons toevlug by die leë graf.
      - Christus het deur sy werk aan die kruis vir ons weereens die sekerheid gegee dat daar net by God uitkoms en redding is.
- Daarom roep die Heilige Gees ons daaglik op om ons toevlug by God te soek.
  - Psalm 146 herinner ons ook.
    - *Moenie op magtiges vertrou nie, nie op mens nie; hy kan jou nie red nie.*

### **Slot:**

- Daar is baie redes om te vlug.
  - Die bybel herinner ons dikwels daaraan dat dit nie elke dag maklik gaan wees nie.

- Maar ons vrese hoef nooit groter te wees as die sekerheid wat ons in God kry nie.
- Jy hoef nie ver te hardloop om jou toevlug te kry nie.
  - Die Here is jou toevlug en jou beskerming.
  - Die Here, die almagtige is by ons.